Karoo Hartland Art Workfest

EARLY CHRISTMAS IN THE KAROO

Voorlopige Program

Dinsdag, 19 Oktober 2010

- Amptelike Opening van die fees
  - Een-vrou vertoning deur oud-Middie, Ilne Fourie

- Kinderkompetisie wenners word aangekondig
  - Leerders van alle skole kry die geleentheid om “kersboom versierings” te maak - iets uit niks.
  - Die tema moet in gedagte gehou word, en die gebruik van herwinbare materiaal beteken ‘n bonuspunt. Versierings sal aan 'n massiewe kersboom in die stadsaal gehang en uitgestal word.

Woensdag, 20 Oktober 2010

Alle kunsklasse begin.
Opwindende klasse soos byvoorbeeld:

Blomme rangskikking

Peuwterwerk

Kralewerk- en mosaic projekte

Fotografie

Wie anders as die bekende Pine Pienaar sal geskik wees vir hierdie kursus?

Skilderklasse:

'n Bekende in die skilderwêreld, Louis Hiemstra, sal die klasse aanbied.

Kosdemonstrasies

Kunsuitstalling in die stadsaal van plaaslike kunstenaars.

Vrydag, 22 Oktober 2010

Vlooimark in die tuin:

- Die tuine by die stadsaal word in 'n feestelike atmosfeer omskep, en allerhande handwerk word verkoop.
- Die tema is natuurlik *"Vroeë Kersfees in die Karoo",* en daarom nooi ons almal uit om vroeë kersgeskenkies te kom koop.
- Die atmosfeer word verder aangeblaas met musiek wat die heeldag mense sal lok, dansers wat sal optree en heerlike geure wat die lug sal vul en die maag 'n honger bokspring sal laat gee.

Koorfees
Die fees word afgesluit met 'n koorfees, met uitstaande kore uit ons gemeenskap.
Die ATKV is direk betrokke by die projek, en sal bydra tot die sukses daarvan.

Vir meer inligting oor die klasse wat aangebied word, of enige ander inligting, kontak gerus die toerisme kantoor, of Ilze Potgieter, by 082 401 2589.